Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en metodologie

3.1 INLEIDING

Die voorafgaande hoofstukke in hierdie studie vorm belangrike agtergrond van die studie. In hoofstuk 1 is ‘n inleidende fokus op die navorsingsvraag, navorsingsdoelwitte en -ontwerp geskets. In hoofstuk 2 is verslag gedoen van ’n literatuurstudie wat oor stres gedoen is en ’n model vir organisatoriese stres is voorgestel. In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en enkele etiese kwessies beskryf. Die navorsingsmetode, dit wil sê die wyse waarop data ingesamel en ontleed word, word uiteengesit.

3.2 NAVORSINGSVRAAG EN -DOELWITTE

Ten einde ’n begrip rondom die passing tussen die navorsingsprobleem met die gekose metodologie te kry, is dit belangrik om kortliks weer te verwys na die navorsingsvraag en -doelwitte van hierdie studie soos uiteengesit in hoofstuk 1. In hierdie studie word stres as fenomeen ondersoek, meer spesifiek met die fokus op

die belewing van stres by vroulike bestuurders.

Die hoofdoelwit van hierdie studie is dus om die vroulike bestuurder se belewing van stres binne ’n werkskonteks te ondersoek. Verdere doelwitte is om:

- faktore wat bydra tot die belewing van stres by die vroulike bestuurder, te identifiseer en te beskryf
- faktore wat stres by die vroulike bestuurder verlig, te identifiseer en te verduidelik
- ’n geïntegreerde model vir stres afkomstig vanuit die literatuur en bestaande navorsingsbevindinge voor te stel

- voorstelle te maak vir moontlike intervensieprogramme ten einde streshantering by die vroulike bestuurder te optimaliseer

Om hierdie doelwitte te bereik, is ’n navorsingsontwerp gekies wat in die volgende gedeeltes uiteengesit word.

3.3 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp kan gesien word as die beplanning vir die insameling en organisering van data met die doel om die navorsingsbevindinge te bekom en die gestelde doelwitte te bereik. Dit omskryf dus die prosedures van data-insameling wat gevolg sal word, met ander woorde waar, wanneer en met wie die navorsing uitgevoer word ten einde die nodige data in te win.

’n Navorsingsontwerp kan kwalitatief en/of kwantitatief wees. Hierdie studie word binne die raamwerk van ‘n kwalitatiewe benadering gedoen. Volgens Creswell (1998) is kwalitatiewe navorsing ’n ondersoekende proses wat gebaseer word op bepaalde metodes en riglyne ten einde ’n spesifieke sosiale of menslike verskynsel in sy natuurlike konteks te verken.

3.3.1 Die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsings-metodes

Volgens Bernard (2002) en Johnson en Christenson (2000) is kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes gebaseer op individue se verskillende en uiteenlopende persepsies van ’n bepaalde werklikheid of situasie en word hierdie navorsingsmetodes gebruik om verskillende doelwitte te bereik.

Kwantitatiewe navorsing kan gesien word as konkrete, wetenskaplike navorsing wat grootliks fokus op die meting van veranderlikes en die ontbloting van observasies deur middel van statistiese data-ontleding (Bernard, 2000; Neuman, 1997). Hierdie tipe ontleding sluit beide eksperimentele en nie-eksperimentele navorsing in en word dikwels gebruik om kwalitatiewe navorsing te substansieer (Liebscher, 1998). Die positivistiese skool word

gesien as sterk aanhangers van hierdie tipe navorsingsmetodologie en gebruik dit veral om sosiale fenomene te meet deur middel van numeriese waardes wat statisties ontleed kan word (Pole & Lampard, 2002). Die klem van kwantitatiewe navorsing val dus op die grootte van die steekproef, die kwantifisering van respondente se response (bv. tellings wat hulle behaal op vraelyste of skale) en die statistiese verwerking daarvan. Gage (1994, p.372) som kwantitatiewe navorsingsmetodes soos volg op:*"...procedures that are public, that use precise definitions, that use objectivity-seeking methods for data collection and analysis, that are replicable so that findings can be confirmed or disconfirmed, and that are systematic and cumulative".*

In teenstelling hiermee, val die klem in **kwalitatiewe navorsing** op die poging om 'n wêreld te verstaan wat nie in terme van syfers of statistiek verstaan kan word nie (Putney & Green, 1999). Kwalitatiewe navorsing is dus 'n metode wat gemoeid is met die sosiale aspekte van die wêreld en hoe dit deur bepaalde individue beleef en ervaar word (Patton, 1990; Pole & Lampard, 2002). Individuele opinies, ervarings en belewings word daarom gesien as die fondasie van hierdie tipe navorsing wat op subjektiewe data berus (Johnson & Christenson, 2000; Rudestam & Newton, 2001). 'n Kwalitatiewe navorser het daarom die uitgangspunt dat die wêreld nie opgesluit is in objektiewe betekenisse nie maar dat alle veranderlikes in ag geneem moet word (bv. vorige ervaring, omgewing, persepsies en die persoonlikhede van beide die navorser en die respondent) wanneer navorsing oor 'n bepaalde fenomeen gedoen word (Peck & Secker, 1999).

Kwantitatiewe en kwalitatiewe paradigmas verskil in die epistomologiese vraag oor die verhouding tussen die navorser en dit wat nagevors word (Rudestam & Newton, 2001). Volgens die kwantitatiewe paradigma, behoort die navorser 'n nie-interaktiewe houding in te neem om sodoende vooroordeel uit te skakel. Die kwalitatiewe navorser daarenteen verdiep hom-/haarself in die betrokke verskynsel in 'n poging om dit te verstaan en te beskryf (Rudestam & Newton, 2001).

Die doel van kwalitatiewe navorsing is dus om betekenisvolle patrone en ryk beskrywings vanuit die respondent se leefwêreld te verkry (Warren, 2002; Wolcott, 2001). Om hierdie rede is ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp vir hierdie studie gekies – die navorsing is afgestem op ’n begrip van ’n bepaalde fenomeen, in hierdie geval die belewing van stres by die vroulike bestuurder.

3.3.2 Eienskappe van kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing is ‘n sambreelterm wat ‘n groot hoeveelheid benaderings tot die studie van menslike gedrag beskryf (Rudestam & Newton, 2001; Wolcott, 2001). Volgens hierdie skrywers is dit ‘n sistematiese, subjektiewe benadering wat gebruik word om lewenservaringe van mense te beskryf en betekenis daaraan te gee.

Rudestam en Newton (2001) is van mening dat baie kwalitatiewe navorsers se hoofdoel is om op die **natuurlike omgewing** te konsentreer. Daarom word sekere fenomene binne ‘n bepaalde konteks ondersoek. Kwalitatiewe navorsing is gemoeid met die dag-tot-dag-gebeure soos wat dit deur die individu gekonstrueer word (Rudestam & Newton, 2001).

Verder beweer Lemmer (1992) dat kwalitatiewe navorsers eerder met die **navorsingsproses** gemoeid is as met die uitkomste. Johnson en Christenson (2000) ondersteun hierdie stelling deur te sê dat wanneer die navorser met die proses van sosiale interaksie besig is, kwalitatiewe data-insameling ‘n deurlopende proses is. Data-insameling geskied ook nie met vooropgestelde idees of modelle nie, maar eerder om met ’n oop gemoed die bepaalde verskynsel in konteks te ondersoek. Sodoende ontwikkel die kwalitatiewe navorser, tesame met die respondent, bepaalde insigte en begrip vanuit die data. In hoofstuk 4, waar die bevindinge deur die navorser weergegee word, word direkte aanhalings van die respondente gegee in ’n poging om die essensie van wat hulle beleef het, vas te vang. Sodanige aanhalings voorsien dus die basis vir die data wat in kwalitatiewe ontledings gebruik word waar die navorser, tesame met die respondent tot verdere insig kom (Wolcott, 2001).

Vir kwalitatiewe navorsing is dit uiters belangrik dat die navorser perspektiewe en idees van respondente waarheidsgetrou vaslê (Warren, 2002). Daarom gebruik navorsers onder andere bandopnemers en veldnotas. Alhoewel kwalitatiewe navorsing nie groot steekproewe geheel en al uitsluit nie, word daar meestal van kleiner steekproewe gebruik gemaak om in diepte op die individu se bepaalde ondervinding te fokus (Lemmer, 1992). Hiervoor soek die navorser inligtingryke respondente. Data-insameling hou aan totdat ’n versadigingspunt bereik is. Die navorser is egter nie op soek na ’die waarheid’ nie, maar wil eerder begrip kry vir die betrokke respondent se bepaalde perspektief. Daarom word alle respondente as gelykes gesien wat elk ‘n unieke bydrae lewer tot die data.

3.3.3 Rasionaal vir die keuse van ’n kwalitatiewe metodologie

Die navorsingsvraag en -doelstellings van die studie is die grootste oorweging by die keuse van ’n navorsingsmetode. Stres verwys hoofsaaklik na die gesindhede en gevoelens wat mense in bepaalde situasies ervaar. Dit is moeilik om gevoelens uit statistiese data af te lei omdat daar nie dieper betekenisse uit response verkry word met hierdie soort data nie. Die navorser is daarom van mening dat ’n kwalitatiewe benadering vir hierdie studie gevolg moet word, omdat persoonlike betekenisse, ervarings en persepsies rondom die belewing van stres by die vroulike bestuurder uit die data verkry wil word.

Die doel van die navorsing hou direk verband met die navorsingsprobleem wat reeds in hoofstuk 1 bespreek is. In hierdie studie is die volgende doelwit gestel: *om die belewing van stres by vroulike bestuurders te ondersoek.*

Die studie behels ’n ontdekkingstog tussen die navorser en respondent ten einde die belewing van stres by die respondent as vroulike bestuurder te verken. Die navorser is dus van mening dat daar ‘n behoefte aan ‘n eksploratoriese, buigsame tipe navorsingsmetodologie is. ‘n Kwalitatiewe benadering verleen hierdie buigsaamheid sodat die respondent en die navorser tot nuwe insigte omtrent die belewing van stres kan kom.

'n Verdere rede waarom 'n kwalitatiewe metode vir hierdie studie gebruik word, is omdat stresbelewing nie in isolasie voorkom nie, maar binne die konteks van 'n bepaalde lewe, met unieke verhoudings en doelwitte. Daarom is elke persoon se ervaring van stres uniek. Die impak van stres, asook die betekenis daarvan, sal afhang van die bepaalde konteks waarin dit voorkom. Stres is 'n ervaring wat nie noodwendig gemeet kan word nie. Die kwalitatiewe metode, met die klem op begrip vir betekenis in 'n bepaalde konteks, blyk derhalwe 'n geskikte wyse te wees waarop die belewing van stres onder vroulike bestuurders bestudeer kan word.

Vir die doel van hierdie studie, is 'n fenomenologiese kwalitatiewe benadering gevolg.

3.3.4 Fenomenologie

a Wat is fenomenologie?

Volgens die *Psigologiewoordeboek* verwys *fenomenologie* na ''n denkrigting waarin die studie van die mens se onmiddellike ervaring (fenomene) beklemtoon word' (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1979, p.100). Patton (2002) en Johnson en Christenson (2000) verwys na die fenomenologiese benadering as die beskrywing van een of meer individue se ervaring van 'n fenomeen. Die doel van 'n fenomenologiese studie is daarom om 'n beskouing van respondente se leefwêreld te bekom asook die persoonlike betekenisse wat hulle uit hulle leefervarings gekonstrueer het, te verstaan (Johnson & Christenson, 2000; Patton, 2002).

Fenomenologie as kwalitatiewe benadering behels dus 'n studie van die werklikheid vanuit die eerste-persoon-belewing (Giorgi, 1994) en vereis daarom van die navorser om 'in die skoene' van die respondent te klim ('*Sitz im Leben')* (Fouché, 2002, p.273). Die sentrale struktuur van so 'n persoonlike belewing word gerig op die bewuste ervaring van 'n bepaalde fenomeen en die wesenlike eienskappe daarvan, soos dit beleef word deur die individu, word beskryf sodat die essensie van die fenomeen bepaal kan word (Fouche, 2002;

Johnson & Christenson, 2000). Sodoende word die essensie van die ervaring openbaar (Giorgi, 1994; Johnson & Christenson, 2000).

b Wanneer word fenomenologie gebruik?

Kwalitatiewe metodologie is gewortel in ’n fenomenologiese perspektief op die sosiale werklikheid. Om hierdie sosiale werklikheid te begryp, moet die navorser die leefwêreld van die respondent verstaan vanuit haar verwysingsraamwerk (Patton, 2002). Volgens Johnson en Christenson (2000) asook Rudestam en Newton (2001) word fenomenologiese navorsing gebruik om die ervaringe van respondente te beskryf soos wat hulle dit beleef. Hierdie metode gee dus geleentheid aan die respondent om ‘n ’stem’ te gee aan hierdie gevoelens en ervaringe. Hieruit behoort ryk, beskrywende data voort te spruit (Wolcott, 2001).

Die fenomenologiese benadering is daarom gekies as die wyse waarop die belewing van stres onder vroulike bestuurders bestudeer gaan word. Hierdie metode hou ook verband met die navorsingsvraag (in hoofstuk 1) om die volgende redes:

- ’Stres’ is nie ’iets’ wat ’n persoon ’het’ nie. Dit is ’n ervaring waarmee ’n persoon *leef* . Fenomenologie voorsien ’n wyse waarop die ervaring wat beleef word, ontdek kan word (Johnson & Christenson, 2000).
- Soos dit deur fenomenologie beskryf word, word daar in hierdie studie betekenis gegee aan die wyse waarop vroue stres beleef. Hierdie is unieke, persoonlike ervarings wat gebaseer is op hulle subjektiewe leefwêreld.
- Die werklikheid word deur die individu op ’n subjektiewe wyse ervaar en bestaan die moontlikheid dus dat die betekenis wat aan die spesifieke werklikheid geheg word, met tyd kan verander. So kan sekere hanteringsmeganismes wat verwerf is, byvoorbeeld later verwerp word wanneer dit nie meer geskik is nie. So kan daar byvoorbeeld deur middel van ’n fenomenologiese metode veranderinge ten opsigte van stres ontdek word.

c Die fenomenoloog

Die navorser as fenomenoloog fokus op die verskillende wyses waarop respondente oor dieselfde toestand praat en sodoende lig werp op die subjektiewe prosesse in die persoon se interpretasie van haar stresbelewing. Die doel van die fenomenoloog is verder om die fenomeen so volledig moontlik te verstaan (Rudestam & Newton, 2001). Die gebruikmaking van die fenomenologiese metode stel die navorser in staat om ’n indiepte-beskrywing te gee van hoe die vroulike bestuurder stres beleef. As sodanig is dit ’n geskikte wyse waarop die navorsingsvraag beantwoord kan word.

3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.4.1 Geldigheid ("validity") en betroubaarheid ("reliability") in kwalitatiewe navorsing

Die vrae rondom geldigheid en betroubaarheid word in kwalitatiewe navorsing anders gestel as in kwantitatiewe navorsing, omdat onderhoude (soos wat ook in hierdie navorsing gebruik word) fokus op gesprekvoering tussen die navorser en die respondent. Dit lewer derhalwe inligtingryke eerder as numeriese data (Rudestam & Newton, 2001). Aangesien kwalitatiewe navorsing gesien word as oop, buigbaar en sonder enige streng riglyne, word objektiwiteit, geldigheid en betroubaarheid dikwels in twyfel getrek. Dit is moontlik weens die feit dat kwalitatiewe navorsers die navorsingsfenomeen bestudeer soos wat dit gesien en beleef word deur die respondente self. Volgens Babbie en Mouton (1998) moet die navorser altyd streef na objektiwiteit, geldigheid en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing, maar is dit egter nie altyd ’n bereikbare realiteit nie. Dit is daarom noodsaaklik dat die navorser met behulp van ‘n deeglike en duidelike beskrywing van alle aspekte van die navorsing moet poog om betroubaarheid aan die navorsing te verleen.

Die Duiste filosoof, Adri Smaling, maak gebruik van die verhaal van die interessante Baron von Münchhausen ten einde die konsep van geldigheid en betroubaarheid beter te verduidelik (Babbie & Mouton, 1998). Die baron en sy

perd het op ’n dag ’n end in die woestyn gaan ry maar beland toe kort voor lank, saam met sy perd, in dryfsand. Toe die baron besef dat hulle beide besig is om in die dryfsand weg te sink, red hy hom en sy perd deur hulle met sy skoenveters uit die sand te trek.

Hierdie staaltjie mag egter onmoontlik klink vir die leser, maar in wese is die bereiking van geldigheid en betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing net so onmoontlik: alhoewel die navorser ten alle tye daarna streef om geldige en betroubare data weer te gee, is dit egter onwaarskynlik dat dit ten volle bereik kan word. Dit moet egter steeds die oorkoepelende doelwit bly waarna die navorser streef.

Die geldigheid en betroubaarheid van hierdie navorsing word nagestreef deur gebruik te maak van Lincoln en Guba se model (Lincoln & Guba, 1985). Hierdie model spesifiseer die volgende aspekte van geldigheid en betroubaarheid wat betrekking op kwalitatiewe navorsing het:

a Geloofwaardigheid ("Credibility")

Geloofwaardigheid word deur Krefting (1991) beskryf as ‘n bepaling van die navorser se sekerheid oor die waarheid van die bevindinge, wat gebaseer word op die navorsingsontwerp, inligting en konteks. In hierdie navorsing is geloofwaardigheid verkry deur weer te gee hoe die respondente stres beleef. Direkte aanhalings van respondente word gebruik om ervarings te beskryf en dra by tot die geloofwaardigheid van die navorsing.

b Oordraagbaarheid ("Transferability")

Volgens Morse en Field (1995) word oordraagbaarheid bepaal deur vas te stel of die bevindinge van ‘n studie toegepas kan word in ‘n ander konteks of omgewing, of met ander groepe. ’n Digte kwalitatiewe beskrywing van die navorsingsproses moet gegee word ten einde oordraagbaarheid moontlik te maak. By hierdie studie word daar gepoog om die verloop van die navorsing so volledig moontlik te beskryf om dit sodoende moontlik te maak.

c Navorsingskonsekwentheid ("Trustworthiness")

Volgens Morse en Field (1995) hou die konsekwentheid van die resultate verband met die konsekwentheid van die bevindinge, indien die studie binne dieselfde of ‘n soortgelyke konteks herhaal word. In hierdie studie word die data wat ingesamel, ontleed en geïnterpreteer word, so volledig moontlik beskryf.

d Bevestigbaarheid ("Confirmability")

Dit is belangrik dat die navorser ‘n mate van neutraliteit behou tydens die navorsingsproses. Bernard (2000) is van mening dat dit belangrik is om persoonlike waarnemings en gevoelens ’tussen hakies’ te plaas en nie die data te gebruik voordat dit geverifieer is nie. Sodoende word voorkom dat inligting verkeerdelik geïnterpreteer word.

3.4.2 Strategieë om geldigheid en betroubaarheid te verseker

In Guba en Lincoln se model word sekere strategieë voorgestel om die geldigheid en betroubaarheid van ’n studie te verseker en die invloed van die navorser se vooroordele te beperk. Vir al bogenoemde aspekte is die volgende strategieë gebruik:

- Kriteria vir geskikheid van data is toegepas – dit verwys na die hoeveelheid data wat in die kwalitatiewe studie ingesamel is. Dit word verkry wanneer genoeg data ingesamel is sodat die data versadig is en die navorsingsvraag beantwoord kan word.
- Daar is van triangulasie van metodes gebruik gemaak. Die volgende metodes is in hierdie studie gebruik: onderhoude, waarneming en dokumentanalise (Babbie & Mouton, 1998; Neuman, 1997; Rudestam & Newton, 2001).

- ’n Bandopname en verbatim transkripsies van onderhoude is in die studie gebruik (Johnson, 2002; Johnson & Christenson, 2000; Rudestam & Newton, 2001; Warren, 2002).
- Die gebruik van deeglike veldnotas wat in hierdie studie aangewend is, verseker verdere geldigheid en betroubaarheid tydens die onderhoud (Babbie & Mouton, 1998).
- Terugvoering van respondente is in die geval van onduidelikheid verkry (Rudestam & Newton, 2001).
- Bevindinge is aan respondente verstrek om die korrektheid van hulle menings te verseker (Rudestam & Newton, 2001). Babbie en Mouton (1998) verwys na hierdie prosedure as “member checks“: die getranskribeerde onderhoud word vir die respondent teruggegee om die akkuraatheid van die data na te gaan en te verseker.
- Die studieleier het die ontleding van data deur middel van ’n ’audit trial’ gekontroleer (Babbie & Mouton, 1998) om te verseker dat die interpretasies korrek is.
- Volgens Babbie en Mouton (1998) word ’peer reviews’ gesien as nog ’n metode om navorsingskonsekwentheid te verseker. Dit vind plaas wanneer kollegas wat in die bepaalde navorsingsmetode onderlê is, die uiteensetting van temas, subtemas en sub-subtemas tydens die ontleding van die data evalueer. In hierdie studie het kollegas van die navorser die konsekwentheid van die studie verseker deur insette te lewer tydens die ontwikkeling van temas, subtemas en sub-subtemas.

3.4.3 Data-insameling

Tydens die empiriese navorsing van hierdie studie het data-insameling hoofsaaklik geskied deur die gebruik van indiepte-semi-gestruktureerde onderhoude. Semi-gestruktureerde onderhoude is besonder geskik in professionele ondersoeke waar hoëvlak-burokrate of elite-lede van die gemeenskap betrokke is wat gewoond daaraan is om hulle tyd doeltreffend te gebruik (Bernard, 2002; Patton, 2002). Hierdie soort onderhoudmetode demonstreer verder dat die onderhoudvoerder ten volle in beheer is van wat

met die onderhoud verlang word, maar genoegsaam ruimte laat om nuwe rigtings in te slaan (Bernard, 2002). Dit toon ook dat die navorser voorbereid en bevoeg is, maar dat sy nie buitensporige beheer oor die onderhoud wil uitoefen nie.

In semi-gestruktureerde onderhoudvoering word daar van ’n onderhoudskedule of gespreksgids gebruik gemaak (Bernard, 2002). Die gespreksgids voorsien die navorser van leiding in terme van bepaalde areas wat in die onderhoud gedek moet word (Patton, 2002). Semi-gestruktureerde onderhoude impliseer dat die navorser die rigting van die gesprek kan monitor en stuur om die navorsingsdoel te bereik (Warren, 2002). Tydens hierdie studie is vroulike bestuurders gevra wat hulle belewing van stres in ‘n bestuurspos is. Die navorser het die respondent aangemoedig om te praat, sodat die maksimum data uit die onderhoud gehaal kon word.

Die hele proses vanaf data-insameling tot by die verslagdoening bestaan uit die volgende stappe: tematisering, ontwerp, onderhoudvoering, transkribering, verifiëring en verslagdoening (Johnson & Christenson, 2000; Warren, 2002).

Tydens die insameling van die data is daar van die volgende metodes gebruik gemaak en word dit vervolgens bespreek.

a Loodsstudie

Die navorsing het ’n aanvang geneem in die vorm van ’n loodsstudie oor stres as fenomeen met ’n vroulike bestuurder binne ’n akademiese werkskonteks. Strydom (in De Vos et al., 2002, p. 108) verwys na ’n loodsstudie as *“trying out on a small number of persons having characteristics similar to those of the target group of respondents“*. Hierdie studie was waardevol omdat dit die navorser in staat gestel het om sekere vrae te toets. Dit het verder ’n aanduiding van die beraamde tyd vir die onderhoud gegee sowel as ’n aanduiding van moontlike probleme wat kan opduik met die afneem van onderhoude (Strydom & Delport, 2002).

Deur die aanvanklike loodsstudie deeglik te evalueer, is ’n basis geskep waarvolgens die navorsing uitgevoer is, en die onderhoudskedule opgestel is. Pole en Lampard (2002) het bepaalde vrae aan die hand gedoen wat deur die navorser getoets is:

- Is die vrae deeglik gespesifiseer en eenvoudig gestel sonder enige onduidelikhede?
- Is die verloop van vrae logies en buigsaam ten einde diepte te verseker?
- Laat die vrae wat gestel is die ruimte vir ’n verskeidenheid van opinies?
- Maak die onderhoudvoerder van aanportegnieke gebruik waar daar onduidelikheid is? Byvoorbeeld woorde soos ’waarom?’, of ’hoekom’ dink u laat dit u so voel?“
- Hoe effektief is die opneem van die onderhoud sonder om steurend vir die respondent te wees?
- Hoeveel tyd is nodig om al die vrae te beantwoord en nog ruimte te laat vir algemene gespreksvoering?

b Individuele, indiepte-onderhoude

Volgens Pole en Lampard (2002) is ’n individuele onderhoud ’n verbale kommunikasie tussen twee of meer mense met die doel om bepaalde inligting te bekom. Die onderhoudmetode is dus ’n ideale instrument vir hierdie tipe studie aangesien dit ’n middel is om begrip te kry van hoe die respondent stres in die werksituasie beleef.

Individuele, indiepte-onderhoude is gebruik in die studie om data in te samel omdat die fenomenologiese metode van die navorser vereis om alle vooroordele aangaande die onderwerp ter syde te stel sodat die fenomeen soos dit geopenbaar word, waargeneem kan word (Bernard, 2000; Bernard, 2002; Johnson & Christenson, 2000; Rudestam & Newton, 2001).

Alhoewel die onderhoud self redelik los gestruktueer en buigbaar is, berei fenomenologiese navorsers sekere vrae voor en wysig hulle dit met verloop van die onderhoud indien dit nodig is (Johnson & Christenson, 2000; Rudestam & Newton, 2000). Dit is ook in hierdie studie gedoen en sodoende het hierdie soort onderhoud respondente die geleentheid gebied om hulle streservarings in hulle eie woorde weer te gee (Johnson, 2002). Aanporvrae wat gespruit het uit respondente se response, is gevra sodat diepte bereik kon word (Bernard, 2002; Rudestam & Newton, 2000). Aanmoediging van die respondent is op ‘n vriendelike, nie-dreigende wyse gedoen, totdat die aanvaarbare inligtingsversadigingspunt bereik is. Somtyds het die navorser ook ‘n refleksietegniek tydens die onderhoud gebruik om te verseker dat die respondent reg verstaan is.

Leidende vrae is nie gevra nie, alhoewel die navorser soms vir duidelikheid of verdere verduideliking gevra het. Een voordeel van die semi-gestruktureerde onderhoud is dat dit meer buigbaar is om die subjek se ervaring vollediger te begryp as wat ‘n meer rigiede metode sou toelaat (Rudestam & Newton, 2001; Warren, 2002).

Dit is belangrik om die tyd en plek van onderhoudvoering te bepaal (Warren, 2002). In hierdie studie is onderhoude gedoen in die gemak van die respondent se eie kantoor in ’n tydgleuf wat deur die respondent bepaal is. Respondente is verseker dat hulle identiteit en die name van hul werkgewers ten alle tye as vertroulike inligting gehou sal word. Geskrewe toestemming is ook reeds vooraf van respondente verkry om bandopnames van onderhoude te maak.

Die lengte van die onderhoude was selfbepalend en het afgehang van wat die respondent wou meedeel. Teen die einde van al die onderhoude is respondente per e-pos gevra om enige data wat moontlik verlore gegaan het, aan te vul. Respondente is gevra om die biografiese inligting te verstrek wat nie in die onderhoude na vore gekom het nie sodat ’n volledige rekord verkry kon word:

- ouderdom
- huwelikstatus
- aantal kinders
- kwalifikasies
- indiensopleiding

Die navorser het onderhoude gevoer met respondente totdat die data ’n versadigingspunt bereik het. Dit is wanneer die data voorspelbaar begin word en nie enige nuwe insigte oplewer nie.

Ten einde data-ontleding te kan doen, is alle onderhoude verbatim getranskribeer (kyk aanhangsel C) en word geldigheid en betroubaarheid ook so verseker (Miles & Huberman, 1994).

c Waarneming

Aangesien die transkribering van onderhoude kan meebring dat aspekte soos liggaamstaal, emosie, volume en stemtoon verdwyn, is veldnotas ook tydens die onderhoud gemaak (Bernard, 2002; Greeff, 2002; Johnson, 2002). Daar is ook van persoonlike veldnotas gebruik gemaak wat handel oor die navorser se persoonlike ervaringe en belewenisse tydens die onderhoud met die onderskeie respondente. Dit is notas wat die navorser na elke onderhoud neerskryf oor die verloop van die onderhoud (Johnson & Christenson, 2000; Bernard, 2002; Greeff, 2002).

d Dokumentanalise

Na afloop van die transkribering van die onderhoude, is ’n deeglike ontleding van die inhoud gedoen deur middel van dokumentanalise ten einde bepaalde temas en tendense na vore te bring (Wolcott, 2001). Die data-ontleding word onder paragraaf 3.4.6 beskryf.

3.4.4 Steekproefneming

Volgens Cherry (2000) is daar twee tipes benadering tot kwalitatiewe steekproefneming: die tradisionele sosiaal-wetenskaplike benadering en die fenomenologiese benadering. In hierdie studie is ’n fenomenologiese benadering gevolg en **gerieflikheidsteekproefneming** is gedoen (Bernard, 2002). Met hierdie benadering is inligtingsryke respondente gekies ten einde die bruikbaarheid van die inligting binne ’n relatief klein steekproef te optimaliseer (Bernard, 2002; Johnson, 2002; Patton, 2002; Warren, 2002).

Respondente is op grond van die volgende kriteria in die studie ingesluit:

- vroue wat bestuursposisies in die organisasie beklee en hulle stresbelewing in die werkomgewing kan beskryf
- respondente wat bereidwillig is om vrylik en openlik oor hulle belewing van stres te praat
- vroulike bestuurders wat oor die vermoë beskik om ryk beskrywings van hulle belewing van stres te gee
- respondente wat gewillig is om voldoende tyd vir onderhoudvoering af te staan

Die grootte van die steekproef word gewoonlik bepaal deur die stadium wat data-versadiging bereik word (Rudestam & Newton, 2001). By hierdie studie is onderhoude met ses persone gevoer voordat daar besluit is dat data-versadiging bereik is, aangesien daar nie nuwe inligting na vore gekom het nie.

3.4.5 Die navorser as instrument

Tydens die interaksie-proses van data-insameling en die vestiging van vertrouensverhoudinge met respondente, moet die navorser baie rolle vervul. As gevolg van die kwalitatiewe aard van die studie, is die navorser direk by die navorsing betrokke. Die betrokkenheid van die navorser in die data-insamelingsproses maak die navorser dus ‘n data-insamelingsinstrument

(Warren, 2002). Baie hang dus af van wat die navorser sien en hoor en baie berus op haar waarnemings- en luistervermoë (Johnson, 2002; Warren, 2002). Omdat die navorser as instrument optree, kan haar vooroordele die data-insameling ongeldig maak (Johnson, 2002; Wolcott, 2001); dus moet bepaalde tegnieke gebruik word om die moontlikheid van vooroordele te voorkom.

Voor die studie begin het, was die navorser reeds van mening dat vroulike bestuurders stres in ’n organisasie kan beleef en dat bepaalde faktore ‘n rol kan speel in sodanige stresbelewenis. Hierdie persepsie is versterk ná voltooiing van die literatuurstudie oor stresbelewing sowel as die informele waarneming van en interaksie met vroulike bestuurders. Volgens Shantall (in Wade, 2001) is dit belangrik dat die voorafgaande literatuurstudie die nodige empatie by die navorser meebring tydens die onderhoudvoering en nie lei tot enige vooroodele wat die navorsingsresultate kan beïnvloed nie. Die navorser glo egter dat sy alle pogings aangewend het om haar navorsing steeds so objektief moontlik uit te voer.

In kwalitatiewe studies tree die navorser in wisselwerking met die persone betrokke in die studie en gebruik sy empatie as ’n wyse van ondersoek (Neuman, 1997). Empatie beteken om die posisie, gevoelens, ervarings en leefwêreld van ander te verstaan (Patton, 2002). Volgens Patton (2002, p.104) word die waarde van empatie in die fenomenologiese beskouings van ’*Verstehen’,* wat kwalitatiewe navorsing onderlê, beklemtoon. Soos vroeër ook genoem, impliseer ’*Verstehen’* begrip en verwys dit na die uniek menslike kapasiteit om sin te maak van die wêreld (Patton, 2002).

Die navorser is die hoofinstrument in kwalitatiewe navorsing, en daarom is dit belangrik dat ‘n vertrouensverhouding tussen die navorser en die respondent gesluit word. Dit is egter baie belangrik dat die navorser steeds ‘n professionele verhouding met die respondent sal hê en nie persoonlik by die navorsing betrokke sal raak nie (Palm-Forster, 2000). Alhoewel die navorser ook haar eie opinies en ’n mate van subjektiwiteit in die studie ingesluit het, het

sy dit egter nie moeilik gevind om haar tydens die onderhoud van haar eie opinies te distansieer nie.

3.4.6 Data-ontleding

Die primêre vorm van data-ontleding vir hierdie studie is in die vorm van dokumentanalise gedoen (Bernard, 2002; Miles & Huberman, 1994; Wolcott, 2001). Dokumentanalise behels die proses van identifisering, kodering en kategorisering van primêre patrone in die data (Bernard, 2002; Patton, 1990). Die volgende stappe is gebruik om data te ontleed.

a Verkryging van 'n holistiese beskouing van die data

Die fenomenologiese benadering is holisties, wat beteken dat al die data eers voor enige ontleding gelees moet word sodat 'n geheelbeskouing van die data verkry kan word (Rudestam & Newton, 2001). Die navorser moet die data lees en herlees en hom/haar sodoende verdiep in die data. In hierdie proses moet die navorser enige vooroordele en aannames tersyde stel. 'n Geheelindruk is dus van die data gekry deur al die transkripsies deeglik deur te lees. Idees wat na vore gekom het, is aangeteken.

b Segmentering

Segmentering (die afmerk van betekenisvolle segmente uit die data) is voorts gedoen deur sorgvuldig deur die eerste onderhoud of volledigste onderhoud van elke navorsingsrespondent se getranskribeerde data te lees, een reël op 'n slag, en voortdurend die volgende te vra (De Vos et al., 2002; Johnson & Christenson, 2000):

- Is daar 'n segment wat belangrik is vir hierdie studie?
- Verskil dit op een of ander wyse van teks wat dit voorafgaan of daarop volg?
- Waaroor gaan dit?

In kwalitatiewe navorsing begin die verwerking van die data reeds gedurende onderhoudvoering. Na afloop van elke onderhoud word data soos in die bogenoemde punt beskryf, ondersoek en konsepte word uitgelig wat elke respondent se bepaalde omgewing en response beskryf. Segmentering hou dus verband met die verdeling van data in betekenisvolle analitiese eenhede (Johnson & Christenson, 2000). In hierdie fase van die ontleding is die data in betekenisvolle analitiese eenhede soos dit spontaan na vore gekom het, ingedeel. 'n Betekenisvolle eenheid of segment van die teks kan 'n woord, 'n enkele sin, etlike sinne of selfs 'n paragraaf insluit (Johnson & Christenson, 2000). Sulke segmente (woorde, sinne of etlike sinne) is tussen hakies geplaas om aan te dui waar dit begin en eindig. Daarna is na sentrale temas in die respondent se ervaring gesoek.

c Die identifisering van temas, subtemas en sub-subtemas

Temas kan gesien word as die basiese boustene van kwalitatiewe data-ontleding omdat die navorser betekenis gee aan die data deur temas, waaronder subtemas en sub-subtemas val, in die data te identifiseer en te bestudeer (Johnson & Christenson, 2000; Wolcott, 2001). Die stel subtemas en sub-subtemas wat uit die temas gevorm word, vorm die klassifikasiestelsel waardeur die data gekenmerk word (Johnson & Christenson, 2000; Wolcott, 2001). Temas kan dus op verskillende vlakke georganiseer word (Johnson & Christenson, 2000) . Dit beteken dat 'n stel sub-subtemas onder 'n subtema ingedeel kan word, en daardie subtema kan weer onder 'n tema ingedeel word (Johnson & Christenson, 2000). Stelsels temas soos hierdie staan bekend as hiërargieë omdat hulle op verskillende vlakke lê (Johnson & Christenson, 2000).

d Kodering

Kodering is die toeken van kodes aan afgemerkte segmente – kodes kan simbole, beskrywende woorde of temas wees (Bernard, 2000; Bernard, 2002; Johnson & Christenson, 2000). Stereotipering is byvoorbeeld aangedui as ST;

Gesondheidsprobleme as GP; en Stresfaktore as SF. Hierdie kodes is georden volgens die alfabet.

e Samestelling van 'n koderingsraamwerk

Na afloop van die identifisering van temas, subtemas en sub-subtemas, is al die response in 'n koderingsraamwerk geplaas ten einde ooreenkomste en teenstrydighede makliker raak te sien (Johnson & Christenson, 2000). Hierdie kodes is telkens op nuwe teks van 'n volgende navorsingsrespondent toegepas en nuwe temas en kodes is ontwikkel namate die behoefte daarvoor ontstaan het (Johnson & Christenson, 2000).

Waar daar onsekerheid was, het die navorser die respondent gekontak en die onsekerhede uitgeklaar.

f Optelling

Die frekwensie van sekere kodes is vasgestel om die navorser te help om vas te stel watter kodes die meeste, of meer as ander kodes, toegeken is – hierdie kodes wat meer as ander voorkom, word gesien as die belangrike idees en prominente temas wat in die onderhoude na vore gekom het (Johnson & Christenson, 2000).

g Literatuurkontrole

Die bevindinge van die studie is in konteks geplaas met betrekking tot die navorsingsprobleem, naamlik die belewing van stres by die vroulike bestuurder. Die bevindinge is ook met bestaande navorsing uit die literatuur vergelyk en in verband gebring.

3.5 ETIESE MAATREËLS

Tydens hierdie ondersoek is etiese maatreëls ten alle tye gehandhaaf. Kwalitatiewe navorsers moet sensitief wees vir etiese maatreëls wanneer dit

kom by die navorsingsonderwerp, een-tot-een-onderhoudvoering en interaksie met respondente (Patton, 2002). Vir enige navorsing is die handhawing van die hoogs moontlike standaarde ‘n baie belangrike aspek. Daarmee word bedoel dat belangrike inligting nie verswyg mag word of deur die navorser verdraai mag word nie. Die navorser het egter gepoog om in haar navorsing ten alle tye ‘n eerlike en opregte weergawe van die respondente se response te gee.

3.5.1 Anonimiteit en vertroulikheid

Dit is die navorser se verantwoordelikheid om die anonimiteit en vertroulikheid van die navorsing te verseker. Vertroulikheid impliseer dat die navorser alle rekords en identiteite van respondente konfidensieel sal hou (Kerlinger & Lee, 2000). Volgens Neuman (1997) het respondente die reg om anoniem te bly asook om te verstaan dat die inligting anoniem en/of konfidensieel sal wees. Anonimiteit is op die volgende wyses verseker:

- die doel en agtergrond van die studie is aan respondente bekend gemaak en hulle het die versekering van anonimiteit en vetroulikheid ontvang
- ’n stelsel is ontwikkel waarvolgens werklike name van persone of instansies wat aan die data verbind kan word, ná die studie vernietig is
- respondente is gevra om vals name en nommers tydens die onderhoud te gebruik en skuilname is aan respondente toegeken tydens verslagdoening

3.5.2 Ingeligte instemming

Volgens Warren (2002), Bernard (2002) en Strydom (in De Vos et al., 2002) verseker ingeligte instemming dat respondente op hoogte is aangaande die doelwitte van die studie, die voordele en nadele van deelname aan die studie en die geloofwaardigheid van die navorser. Hierdie maatreëls sal help om volle ingeligtheid van respondente te verseker en om hulle regte te beskerm

(Warren, 2002). In hierdie studie is respondente vooraf skriftelik ingelig omtrent al die genoemde aspekte van die studie (kyk aanhangsel A).

Die navorser moet egter ook geskrewe toestemming van haar respondente verkry (kyk aanhangsel B), en hulle verseker dat hulle te eniger tyd hulle deelname aan die navorsing kan staak, indien hulle so sou voel (Warren, 2002). Dit is ook die navorser se plig om toestemming te verkry vir die gebruik van ‘n bandopnemer tydens onderhoudvoering. Volgens Strydom (in De Vos et al., 2002) verseker die proses van ingeligte instemming dat respondente die nodige inligting ontvang omtrent:

- die doelwitte van die studie;
- die moontlike voordele en nadele van deelname aan die studie; en
- die geloofwaardigheid van die navorser.

Deur respondente te voorsien van akkurate en deeglike inligting, is hulle bevoeg om die doel en prosedures van die navorsing beter te verstaan. Dit is in hierdie studie toegepas deur respondente se ondertekening van ’n vorm wat die prosedures van die navorsing stipuleer en uiteensit, asook die ondertekening van ’n toestemmingsvorm vir die vrywillige deelname aan die studie.

3.5.3 Vrywillige deelname

Die aanname waarop ingeligte instemmig berus, is dat genoeg inligting die respondent in staat stel om vrywillig en vrylik deel te neem (Warren, 2002). Ingeligte instemming impliseer verder dat respondente nie verplig voel om aan die studie deel te neem nie. Respondente aan hierdie studie was streng vrywillig en vry om hulle enige tyd daaraan te onttrek (Warren, 2002).

Tydens hierdie studie het die navorser voortdurend ‘n vertrouensverhouding tussen haar en die respondent probeer verseker, en ook gepoog om alle respondente volledig omtrent die navorsing en die vordering daarvan, in te lig.

3.5.4 Bevoegdheid van die navorser

Die navorser besef die noodsaaklikheid dat hierdie navorsing op ’n bevoegde wyse uitgevoer moet word. Ten einde dit te verseker, het die navorser die volgende onderneem soos voorgestel deur Strydom (in De Vos et al., 1998):

- om die etiese verantwoordelikheid te aanvaar dat sy bevoeg en geskool is om die studie te onderneem;
- om ten alle tye sensitief te wees vir respondente se emosies en gevoelens; en
- om objektiwiteit te behou en vooroordele in bedwang te hou.

3.5.5 Die verhouding met respondente

Ten einde subjektiwiteit en vooroordele uit te skakel, het die navorser nie van respondente gebruik gemaak met wie sy reeds ’n verhouding op ’n persoonlike vlak het nie. Sy het ook die kulturele aspekte, wat tydens hierdie studie na vore gekom het, gerespekteer en voortdurend gestreef na ’n objektiewe, professionele vertrouensverhouding met respondente.

3.5.6 Ooreenkoms met respondente om inligting te ontvang

Toestemming is deur respondente gegee om bandopnames van die onderhoude te maak, en respondente is versoek om die getranskribeerde onderhoud agterna te lees en te verifieer deur middel van ’member checks’ (Babbie & Mouton, 1998). Op hierdie wyse kon respondente ook inligting duidelik maak indien daar enige verwarring sou wees. Die finale verwerking van die data is ook aan die respondente verskaf met die doel om die respondent ten alle tye as ’n belangrike skakel in die navorsingsproses te hou.

3.6 BEPERKINGE EN VOORDELE VAN HIERDIE STUDIE

Aangesien ‘n relatief klein steekproef in hierdie studie gebruik is, is die doel nie om die uitkomste hiervan te veralgemeen nie, maar om tot ’n diepte-insig te

kom in bepaalde individue se sienings en belewings van stres. Hierdie individue se belewings kan daarom nie vir die volle populasie van vroulike bestuurders se belewing van stres geld nie. Hierdie beperking is egter ook die studie se sterk punt: aangesien min respondente gebruik is, kan hulle belewings in diepte nagevors word.

3.7 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die empiriese fase van die studie beskryf. Dit gee ‘n beskrywing van die basiese navorsingsontwerp, die etiese maatreëls, maatreëls om geldigheid en betroubaarheid te verseker en ‘n beskrywing van die data-insameling en metodes van data-ontleding. In die volgende hoofstuk word die bevindinge van die empiriese studie uiteengesit.